LAERSKOOL PARK

Tel.: 044 – 691 1020/1 Faks: 044 – 691 2046 Posbus 96
E-Pos: parklaerskool@gmail.com MOSSELBAAI
Skoolhoof: Mnr. D.F. du Toit 6500

29 Junie 2020

Geagte Ouers

Die res van die leerders keer binnekort terug na die skool. Die personeel is gereed en sien uit om die leerders terug te ontvang. Skool is nie meer dieselfde soos wat ons dit voor die grendelstaat geken het nie. Dit is ‘n nuwe ervaring en uitdaging om gemasker skool toe te kom, sosiale afstand te handhaaf en boonop net die helfte van die klasmaats in die klas te hê. Iets waarby almal moet aanpas en gewoond moet raak. Selfdissipline, samewerking en bedagsaamheid raak deel van hul daaglikse roetine.

Ek hoop u en die kinders is vol entoesiasme om hierdie laaste paar maande van 2020 te geniet en verder aan jou storie te kom skryf.

1. VERVANGING VAN DIE SKOOL SE DAKKE

Te midde van onseker tye met die terugkeer van die leerders het die Departement van Onderwys en Openbare Werke besluit om die skool se dakke te vervang. Ons is totaal onkant gevang met hierdie projek, maar ek dink die eindresultaat gaan die moeite werd wees. Ons is al vir bykans tien jaar in ‘n geveg met die Departement om die lekkende asbesdakke te vervang. Ongelukkig kan hierdie projek nie uitgestel word nie en gaan dit die terugkeer van leerders na die skool belemmer. Miskien is dit ‘n bedekte seën in hierdie tyd van stygende Covid-gevalle.

2. VOORGESTELDE TERUGKEER VAN GRADE

Die volgende infaseringsdatums word beplan:

Graad 3	-	6 Julie 2020
Graad 6	-	6 Julie 2020
Gr RR tot Graad 2	-	20 Julie 2020
Graad 4 en 5	-	20 Julie 2020

In oorleg met die beheerliggaam en ander skole in ons omgewing is daar besluit om aansoek te doen om **Graad 4- en 5-**leerders op 20 Julie 2020 te laat terugkeer na die skool. Die skool sou eers vir hierdie grade op 3 Augustus 2020 heropen het, maar die skool sluit weer op 7 Augustus 2020. Daar is geen nut om leerders net vir twee dae by die skool te hê nie aangesien ons op 50% kapasiteit funksioneer. **Tydens die alternatiewe dae ontvang die leerders tuiswerk om te voltooi.**

3. MODEL VAN TERUGKEER

Aangesien daar weens die handhawing van sosiale afstande, nooit meer as 50% van die leerders by die skool mag wees nie, het ons verskeie modelle oorweeg. Daar is besluit op die alternatiewe dag-stelsel. Leerders sal dus op alternatiewe dae skool toe kom.

Vanaf Maandag, 6 Julie 2020 sal leerders met vanne van die letter **A tot L** (Groep 1) op Maandag, Woensdag en Vrydag skool toe kom en leerders met vanne **M tot Z** (Groep 2) kom op Dinsdag en Donderdag skool toe. In die tweede week ruil die dae vir die groepe om. So verseker ons dat alle leerders in ‘n 10-dagsiklus dieselfde onderrig ontvang. Klaslyste word nou reeds aan u bekend gemaak. Graad 7 volg dieselfde stelsel vanaf 6 Julie 2020.

Groep 1 (A – L): Blou Groep 2 (M – Z): Geel

INDELING VAN ROOSTER						
Week 1 van 10-dagsiklus	Datum	6 Julie	7 Julie	8 Julie	9 Julie	10 Julie
	Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
	Groep					
	Akademies	Maandag rooster	Maandag rooster	Dinsdag rooster	Dinsdag rooster	Woensdag rooster
Week 1 van 10-dagsiklus	Datum	13 Julie	14 Julie	15 Julie	16 Julie	17 Julie
	Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
	Groep					
	Akademies	Woensdag rooster	Donderdag rooster	Donderdag rooster	Vrydag rooster	Vrydag rooster
Week 2 van 10-dagsiklus	Datum	20 Julie	21 Julie	22 Julie	23 Julie	24 Julie
	Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
	Groep					
	Akademies	Maandag rooster	Maandag rooster	Dinsdag rooster	Dinsdag rooster	Woensdag rooster
Week 2 van 10-dagsiklus	Datum	27 Julie	28 Julie	29 Julie	30 Julie	31 Julie
	Dag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
	Groep					
	Akademies	Woensdag rooster	Donderdag rooster	Donderdag rooster	Vrydag rooster	Vrydag rooster

4. SKOOLTYE:

- Leerders vanaf graad 1 tot 7 se liggaamstemperatuur sal vanaf 07:10 tot 07:30 by geallokeerde hekke geneem word terwyl graad RR en R vanaf 08:00 tot 08:30 geskandeer word.
- Graad RR en R verdaag om 12:00.
- Graad 1 verdaag om 13:00.
- Graad 2 en 3 verdaag om 13:30.
- Graad 4 tot 7 verdaag om 14:00.

Die volgende is van belang:

- Elke leerder MOET daagliks ‘n gestandaardiseerde masker dra. Geen leerder sal toegelaat word sonder ’n masker nie.
- Enige leerder wat griepsimptome toon, moet tuis bly.
- Temperatuur sal by die hekke geneem en hande en voete sal gesaniteer word. Indien ‘n leerder se temperatuur bo 38˚C, sal hul na ‘n isolasiekamer geneem word. Ouers sal gekontak word om die leerder by die skool te kom haal.
- Tydens skandering sal ‘n vraelys voltooi word nadat hulle temperatuur gemeet is, nl. Hoes jy? Het jy koors? Is jy kort asem? Is jou keel seer? Indien die antwoord van enige vraag **ja** is, gaan die leerder huis toe gestuur word.
- Elke leerder MOET sy/haar eie skryfbehoeftes skool toe bring – geen onderlangse uitleen van enige persoonlike items is toelaatbaar nie.
- Leerders mag hul eie handsaniteerder skool toe bring.
- Verskillende terreine sal aangewys word waar die onderskeie klasse pouses kan ontspan.

- Geen samedromming, rondhardlopery of speletjies mag gespeel word nie – 'n 1,5 meter afstand moet tussen leerders gehandhaaf word.
- Daar sal ook geen snoepie wees nie. Elke leerder moet dus sy/haar eie kos vanaf die huis saam skool toe bring.

5. SKANDERINGSHEKKE

- Alle leerders sal die eerste dag van skool oriëntering ontvang. Alle leerders beweeg dadelik na hul onderskeie klasse nadat hulle by die hekke geskandeer is. Tydens reëndae gaan leerders dadelik na hulle onderskeie grade se gange waar hul geskandeer gaan word alvorens hul hul klasse betree.

- **Graad RR en R - Klein hekkie by tennisbane**
- **Graad 1 - Klein hekkie by tennisbane – Graad R ingang**
- **Graad 2 - Nuwe deurry aflaaisone**
- **Graad 3 - Motoringang by saal**
- **Graad 4 - Hoofingang by kantoor**
- **Graad 5 - Onderste hek in Kaapweg**
- **Graad 6 - Ingang voor saal**
- **Graad 7 - Onderste hek in Kaapweg (Waar Graad 7-seuns tans ingaan.)**

Aan die einde van die skooldag moet die leerders weer by dieselfde hekke uitgaan as waar hulle die oggend ingekom het. Geen samedromming mag plaasvind nie. Ouers moet hul kinders stiptelik op die gegewe tye kom afhaal by die skool.

6. VERANDERDE SKOOLKALENDER

TERM	Duration	No. of weeks	No. of days	No. of public holidays	Actual no. of school days
1	(13) 15 Jan – 18 March	10	(48) 46	00	(48) 46
2	(01 June) 08 June – 07 August	(10) 09	(50) 45	01	(49) 44
3	12 August – 23 September	07	31	00	31
4	05 October – 15 December	11	52	00	52
	Total	**(38) 37**	**(181) 174**	**01**	**(180) 173**

Public and School Holidays 2020	
01 January	New Year's Day
21 March	Human Rights Day
10 April	Good Friday
13 April	Family Day
27 April	Freedom Day
01 May	Workers' Day
16 June	Youth Day
09 August	National Women's Day
10 August	Public Holiday
24 September	Heritage Day
16 December	Day of Reconciliation
25 December	Christmas Day
26 December	Day of Goodwill

7. WAGKLAS

Streng reëls geld met die sanitering en ontsmetting na 'n skooldag. Daar word onmiddellik met ontsmetting begin soos grade verdaag om te verseker dat die hele skool daagliks gesaniteer kan word. Om hierdie rede sal daar geen wagklasse tydens hierdie tydperk plaasvind nie.

8. SKOOLBESOEKE

- Slegs ouers wat siek kinders kom haal, sal toegelaat word. Ouers MOET maskers dra indien hul kinders kom haal.
- Besoeke sal slegs per afspraak deur die kantoor geskied.

9. U VERANTWOORDELIKHEID AS OUERS

- Maak seker dat u kind ‘n masker dra.
- Dit is NOU die ouers se verantwoordelikheid om u kind elke oggend voor skool te monitor vir siektesimptome en te besluit of hy/sy skoolgereed is.
- U kind sal verantwoordelikheid vir sy/haar eie veiligheid, gesondheid en skoolwerk moet neem. Almal sal moet saamwerk en die reëls volg, want ‘n **geen toleransie-beleid** sal gevolg word. Leerders moet ander se gesondheid, eiendom en persoonlike spasie respekteer.
- Moedig u kind aan om te alle tye hul afstand van 1,5 m te behou.

Sterkte vir al die uitdagings wat daar op verskillende huishoudings wag. As ons almal saamwerk, maak ons dit makliker en veiliger vir almal.

Vriendelike groete

SKOOLHOOF
DF du Toit